

Ons Erediens

NG Gemeente Wonderpark



**Gesinserediens saamgestel deur:
Dr. Ernst Endres – 16 Augustus 2020**

1. VOTUM

Dié wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
²Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

2. SEËNGROET

³Genade en vrede vir julle
van God ons Vader en die Here Jesus Christus,
⁴wat Homself vir ons sondes gegee het
om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en
so die wil van God ons Vader te volbring.
⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

3. LOFLIED: LOOF DIE HERE GOD (LIED 222)

Loof die Here God
En prys Sy heilige Naam
Loof die Here God
Hy red my van die dood

Loof die Here God
En prys Sy majesteit
Hom kom toe die eer
En lof in ewigheid x 2



4. SKRIFLESING EN GEBED.

TEMA: ROTSVASTE EN LEWENDE GELOOF IN DIE WATERVLOED

TEKS: 1 Petrus 2:4-8 en Jes 28:15-19

1. Israel sluit 'n ooreenkoms met die dood. (Jesaja 28)

Die agste eeu vC is gekenmerk deur oorloë en diplomatieke ooreenkomste. Egipte en Assirië het die wêreld oorheers. Israel was onder die beheer van Assirië en moes duur belasting aan hulle betaal. Hulle was egter nie tevrede met die situasie nie en hulle wou van die juk van Assirië ontslae raak. Die leiers van Israel het toe besluit om met die ander wêreldmoontheid, Egipte, 'n diplomatieke ooreenkoms te sluit.

Ooreenkoms met die dood.

Die leiers van die Joodse volk het toe 'n afvaardiging na Egipte gestuur en het in die geheim 'n verdrag met hulle gesluit om hulle teen Assiriese oorheersing en aggressie te beskerm. Volgens diplomatieke protokol moes een van die gode van die Egiptenare as borg (guarantor) vir die ooreenkoms optree. Hierdie god was Osiris, die god van die onderwêreld en die doderyk. Van hierdie ooreenkoms lees ons in Jesaja 28:15:

“Omdat julle sê: Ons het 'n verbond met die *dood* gesluit, en met die *doderyk* het ons 'n verdrag aangegaan; as die golwende gésel (Hebr. watervloed) deurtrek, sal hy na ons nie kom nie; want ons het die leuen ons skuilplek gemaak en ons in bedrog weggesteek.” (Jes 28:15)

Die Jode het hulle geloof en vertrouwe vir oorlewing op die ooreenkoms met die dood gebou en hulle het geglo dat as die “dood” verbykom, dit hulle nie sal tref nie. Osiris, die god van die onderwêreld sal hulle teen enige vorm van lewensgevaar beskerm.

Die ooreenkoms met die dood was fataal. (Jesaja 28:17-19)

Die Jode was oortuig dat hulle gered sal word van die gevare van die komende watervloed. Jesaja waarsku hulle egter dat die ooreenkoms met die dood hulle nie sal beskerm nie. Ons lees in Jesaja 28:17-19:

Die hael sal die leuendak wegruk;
die hael sal julle skuilplek van leuens uitwis;
Die water sal die skuilplek wegspoel;
die water sal julle wegkruipplek wegspoel;
Julle ooreenkoms met die dood word opgehef;



Julle verstandhouding met die doderyk sal nie bly staan nie;
Wanneer die vloed aangestroom kom, sal julle in hom ondergaan;
Hy sal julle meesleur elke keer as hy kom, en
hy sal dag vir dag kom, dag en nag!

Die ooreenkoms met die dood het uiteindelik tot die ondergang van Israel gelei. Die Assiriërs het van hierdie leuens en misleiding gehoor en hulle het Israel ingeval. Die ooreenkoms met die dood en die doderyk het tot die finale ondergang van die tien stamme van Israel gelei.

2. Gelowiges sluit 'n ooreenkoms met die lewe. (1 Petrus 2:4-8)

In stormagtige tye het Israel 'n ooreenkoms met die dood gesluit waar Osiris as borg vir die ooreenkoms opgetree het. Christene word aangemoedig om 'n ooreenkoms met die lewe te sluit waar Christus die lewende steen van hulle geloof is. 'n Lewende geloof is 'n rotsvaste geloof wat nie deur die watervloed van swaarkry en vervolging onder gekry word nie.

Ons gaan in hierdie gedeelte na die verskillende elemente van 'n lewende en rotsvaste geloof kyk:


2.1 Rotsvaste geloof is op die lewende steen, Jesus Christus, gebou: die boumetafoor! (1 Petrus 2:4-8)

Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is. ⁵Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,

God, die Boumeester. In hierdie gedeelte verwys Petrus na 'n lewende tempel wat God besig is om te bou. In hierdie tempel is gelowiges die lewende boustene wat God wil gebruik en hy verwys na Christus as die lewende steen. In die metafoor van die lewende steen is Christus die hoeksteen, kapsteen en sluitsteen van die gebou.



Hoeksteen (cornerstone)



Die hoeksteen is die grootste en swaarste blok van die gebou wat voor die tyd uitgekop is. Die totale gewig van die gebou rus op die hoeksteen. Die hoeksteen bepaal ook die rigting van die verskillende mure. Die hoeksteen is die belangrikste rotsblok in die gebou.

Sluitsteen (keystone)

Die boë (arch) van die gebou is gelyktydig van twee kante gebou. Wanneer die twee kante bymekaar uitgekomp het, is die twee gedeeltes deur 'n sluitsteen aanmekaar verbind. Die sluitsteen het geen gewig gedra nie, maar het die boog in sy plek gehou. Sonder die sluitsteen, sal die boë nie in hulle plekke bly nie.

Kapsteen (capstone)

Wanneer die hele gebou voltooi is, is die dak deur 'n kapsteen aanmekaar gehou. Dit het die hele gebou gestabiliseer.

a. Christus is die hoeksteen van ons lewende en rotsvaste geloof!

Die hoeksteen van ons geloof verwys na die kruisiging en opstanding van Christus:

- **1 Petrus 1:3.**

Geseënd is die God en Vader van onse Here Jesus Christus wat na sy grote barmhartigheid ons die wedergeboorte geskenk het tot 'n lewende hoop deur die opstanding van Jesus Christus uit die dode.

- **1 Petrus 1:21.**

Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlikheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.

- **1 Korintiërs 15:3-6.**

Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; ⁴Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte. ⁵Hy het aan



Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, ⁶en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk.

b. Christus is die kapsteen van ons lewende en rotsvaste geloof!

Die kapsteen verwys na die wederkoms van Christus en die erfenis van gelowiges aan die einde van die tye:

- **1 Petrus 1:5.**

En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

- **Filippense 3:20,21.**

Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag. ²¹Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees. (Filippense 3:20,21)

- **1 Johannes 3:2.**

Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. (1 Johannes 3:2)

c. Christus is die sluitsteen van ons rotsvaste geloof!

Die sluitsteen verwys na die lewende woord van God, waardeur ons lewend gemaak is en waardeur ons opgroei!

- **1 Petrus 1:23-2:3.**

Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God. En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is. Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry. ³Julle het immers ondervind dat die Here goed is.



2.2 Rotsvaste en lewende geloof bring emosionele stabiliteit in stormagtige tye.

Rotsvaste geloof en onstabiele emosies is gereeld in botsing met mekaar wanneer die storms woed en die vuur buite beheer brand. In stormagtige tye wil 'n mens se emosies met hom weghardloop, maar rotsvaste geloof bring stabiliteit in stormagtige omstandighede. Wanneer die vuur op sy ergste is, wil emosies uitklim, maar rotsvaste geloof staan onwrikbaar wanneer die vuur op sy velste is. Ons lees die volgende,

Daarom, so sê die Here: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie. (Jesaja 28:16) en

Daarom staan daar in die Skrif: "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie." (1 Petrus 2:6)

- Rotsvaste geloof is nie bekommerd nie oor die stormvloed waarin hy hom bevind nie;
- Rotsvaste geloof sal nooit teleurgestel word en beskaamd staan nie;
- Rotsvaste geloof leef nie in vrees vir die stormvloed nie;
- Rotsvaste geloof tree nie oorhaastig tydens die stormvloed op nie;
- Rotsvaste geloof weet wanneer om stil te word;
- Rotsvaste geloof vlug nie, maar staan vas;

2.3 'n Ooreenkoms met die lewe: uitdaging tot 'n rotsvaste geloof.

- **⁴Kom na Hom toe**, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.
- **⁵Laat julle** as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis!

Samevattend.

Ons lees in Jesaja 30:15 die volgende:

So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrou hê;



en in Jesaja 7:4-9:

Sê vir hom: Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel oor hierdie twee stukke brandhout nie, hulle rook net. Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie.

- Rotsvaste geloof leef met 'n lewende hoop;
- Rotsvaste geloof bou op die lewende woord van God en groei geestelik;
- Rotsvaste geloof is saam met ander lewende stene deel van die lewende gebou van God!

ONS BELY ONS ROTSVASTE EN LEWENDE GELOOF MET DIE VOLGENDE WOORDE:

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.

En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;

wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

Ek glo in die Heilige Gees.

Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die vlees

en 'n ewige lewe.



5. SLOTLIED: LAAT HEER U VREDE DEUR MY VLOEI. (LIEDBOEK 284)

Laat Heer, u vrede deur my vloei
Waar haat is, laat ek daar U liefde bring
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees, en krag gee deur geloof in U, o Heer

O Heer help my om altyd so te leef
Om ander hoër as myself te ag
Ja om lief te hê - ander bo myself
En ook eerder te gee as te verwag

Laat Heer u vrede deur my vloei
En laat ek hoop gee waar daar twyfel is
Ek wil U lig in duisternis laat skyn
Laat ware vreugde altyd uit my straal

O Heer help my om altyd so te leef
Om ander hoër as myself te ag
Ja om lief te hê - ander bo myself
En ook eerder te as te verwag

Laat Heer, U vrede deur my vloei
Leer my om ook soos U te kan vergeef
Maak my bereid om aan myself te sterf, dat ander U al meer in my kan sien.

6. SEËNBEDE

God omgord ons met krag;
Hy maak maak ons pad voorspoedig.
³⁴Hy maak ons voete soos dié van 'n ribbok;
op hoë plekke laat Hy ons stewig staan.

³⁶Die redding wat U gebring het,
was vir ons 'n beskerming.
u regterhand het ons ondersteun,
deur u hulp het ons sterk geword.
(Psalm 18:33-36)



7. OFFERGAWE

Ons gee nou geleentheid vir julle dankoffer.

U as gesin kan EFT, of snapsan of via payfast in betaal.



NG Wonderpark.

Absa Tjekrekening 1460165489

Takkode:632005

Verwysing: Dankoffer

